# DIE KARVEEL—BARTOLOMEU DIAS

Mev J C Kloppers
Buro vir Kurrikulering en Evaluering
T O D

Vanjaar se feesvieringe om die epiese vaart van Bartolomeu Dias rondom die suidpunt van Afrika, 500 jaar gelede in 1487-1488 te herdenk, het 'n hoogtepunt bereik met die aankoms van 'n replika van Dias se karveel vanuit Portugal op 3 Februarie 1988 by die hooffees te Mosselbaai. Op dag en datum was dit presies vyfhonderd jaar gelede dat Bartholomeu Dias voet aan wal gesit het op die presiese plek.

Die aankoms van die replika van Dias se karveel het nie sonder rede die hoogtepunt gevorm van die feesvierings nie. Hierdie skippie het 'n besondere plek in die geskiedenis van Suid-Afrika, die Portugese ontdekkingstogte sowel as die seevaartgeskiedenis van die wêreld ingeneem. Dit is die spil waarom die hele Dias-fees in die loop van 1988 sal draai. Die simboliese vaart vanaf Portugal na Suid-Afrika kan met reg met die simboliese ossewatrek van 1938 vergelyk word.

Die voorstel dat daar 'n simboliese vaart vanaf Lissabon na Mosselbaai onderneem moes word in 'n replika van Dias se karveel, het by mnr. Gerald Rose in 1981 ontstaan. Hy was destyds verbonde aan die Universiteit van Kaapstad en het hierdie idee van hom met prof. Eric Axelson, die destydse dekaan van Lettere en Wysbegeerte aan dié universiteit, bespreek. Hy het ook terselfdertyd prof. Axelson daaraan herinner dat dit in 1988 presies vyfhonderd jaar sal wees dat Dias voet aan wal gesit het aan die suidpunt van Afrika en dat daar 'n 500-jarige herdenking van hierdie historiese gebeurtenis gereël behoort te word.

Prof. Axelson, wat as historikus 'n internasionale gesaghebbende op die gebied van die vroeë Portugese seevaartgeskiedenis is, het hierdie gedagte in Suid-Afrika en in Portugal verder gevoer. Hy kan ook met reg as die dryfveer agter die Dias-herdenkingsfees beskou word. Die man wat mnr. Rose se voorstel van 'n simboliese vaart met groot entoesiasme help deurvoer het, en wat die dryfkrag agter die karveelprojek was, is 'n man van Portugese afkoms, kaptein Emilio de Sousa, verbonde aan die Marine-afdeling van die Departement van Vervoer op Mosselbaai. Hy is 'n kranige seiljagvaarder en het ook gesagvoerder van die karveel tydens die vaart vanaf Portugal na Mosselbaai opgetree.

Die karveelprojek was 'n gesamentlike poging van die Nasionale Feeskomitee in Suid-Afrika, die 600 000 Portugese in Suid-Afrika en die Portugese seilopleidingsvereniging (APORVELA) in Portugal. Die Portugese gemeenskap in Suid-Afrika het die bou van die karveel teen 'n geraamde koste van R1,2 miljoen as hulle verantwoordelikheid aanvaar en het die finansiering daarvan saam met die feeskomitee onderneem. APORVELA het die nodige navorsing vir die bou van die karveel gedoen en die planne en spesifikasies in Portugal opgestel.

Geen planne, modelle of tekeninge van karvele uit die vyftiende eeu het behoue gebly nie. Daar word beweer dat dit alles vernietig is in 1755 toe Lissabon tot op die grond afgebrand het tydens aardbewings. Om dus vas te kon stel hoe die destydse vaartuig gelyk het, moes baie deeglike navorsing gedoen word. Hierdie navorsing kan getipeer word as seevaartargeologie omdat die oorspronklike planne nie geraadpleeg kon word nie.

Om die replika van Dias se karveel te bou, is per geleentheid met 'n herkonstruksie van Noag se ark vergelyk, ten einde die ingewikkeldheid daarvan te onderstreep. Die span seevaartargitekte van APORVELA, onder leiding van Admiraal Rogerio de Oliveira, 'n internasionale gesaghebbende op die gebied van seilvaarttuie, het 'n indiepte-navorsig aangepak van al die elemente van seevaartargeologie wat op die eienskappe van die vyftiende-eeuse karveel kon dui.


Daar bestaan tans geen skilderye van karvele wat gedurende die vyftiende eeu geskilder is of selfs enige tapisserieë wat lig kan werp op minstens net die buitelyne van die soort vaartuig nie. Wat wel bestaan is mosaïekafbeeldings, skilderye en 'n paar klein tekeninkies (thumbnail sketches) wat in die hoeke van kaarte aangebring is, en wat aan die einde van die vyftiende eeu in ongeveer 1500, lank na die tyd van Prins Hendrik die Seevaarder of the ontdekkingsreise van C ~ ao en Dias, geskep, geskilder of geteken is.

Al die inligting wat uit hierdie skilderye en tekeninkies verkry is, moes baie deeglik en dubbeld gekontroleer word, want kunstenaars was geneig om die skepies te romantiseer ten einde die ontdekkingsreisigers só te verheelik of om voornemende bemanningslede en hulle vrouens en moeders gerus te stel oor die kwaliteite en seevaardigheid van die karveel in 'n tyd waarin daar geglo is dat skepe oor die rand van die aarde sou seil. Die afmetings wat van die mosaïekafbeeldings verkry is, moes geëkstrapoleer word, aangesien die mate van die afbeeldings buite verhouding was. ('n Replika volgens die afbeeldings se afmetings sou omslaan sodra dit ter water gelaat word.)

Wat sake vir die navorsers verder bemoeilik het, was dat die Portugese die karveel ontwikkel het as 'n ontdekkingsvaartuig wat die kus van Afrika moes verken en dat die vaartuig dus voortdurend veranderings en verbeterings ondergaan het. ★

Verder moes die navorsers dit in gedagte hou dat daar verskillende soorte karvele was en dat hulle vorms en groottes verband gebou het met die doel waarvoor hulle gebruik is. Daar was karvele vir visvangs, kushandel en dié wat as oorlogsvaartuie gebruik is. Karvele is eers vanaf ongeveer 1440 vir ontdekkingsreise gebruik. Dit was hierdie laasgenoemde soort karvele wat deeglik nagevors moes word.

'n Karveel is 'n Portugese vaartuig met driehoekige (of latyn-) seile. Hierdie vaartuig is waarskynlik ontwikkel op die patroon van Arabiese vaartuie met latynseile wat vroeë in die Middellandse See hoofsaaklik vir visvangs gebruik is. Die latynseil is ook na alle waarskynlikheid 'n Arabiese uitvindsel en sy groot kwaliteit het daarin gelê dat dit veral geskik was vir seilvaart in omstandighede waar windpatrone baie gewissel het. Die Portugese seevaartnavorsers van Prins Hendrik die Seevaarder het besef dat sulke vaartuie uiters geskik was vir kusverkenning en het verder die ontwerp en hanteerbaarheid daarvan (veral van die latynseil) sodanig verbeter dat dit die



Uit *Die Oosterlig*

eerste diepseevaartuie geword het wat deur Portugese seevaarders gebruik is. Prins Hendrik wou 'n vaartuig hê wat "huis toe" kon vaar teen die wind in, en sy seevaartnavorsers het dit reggekry om so 'n seilskip te "ontwikkel".

Hierdie "nuwe" skip met die verbeterde latynseile is 'n karveel genoem. Die oorsprong van die Portugese woord "caravela" is ongekend, maar die gebruik daarvan is nagespeur tot by 'n manuskrip wat in 1255 geskryf is. Die woord word in hierdie werk gebruik om na die begrip vissersboot te verwys.

Vanweë sy besondere kwaliteite word daar na die karveel as die wonderskip van die vyftiende eeu verwys. Benewens sy belangrikste eienskap naamlik om teen die wind in te vaar, was die karveel sterk, dit kon maklik in enige baai of hawe aandoen en kon relatief vinnig vaar. Die suksesse van die Portugese ontdekkingsreisigers is grootliks toegeskryf aan die kwaliteite van die Portugese karvele van daardie tyd. Grahame Wilson het dit verlede jaar so in 'n artikel in die Argus gestel: *"... the early navigators swore by their caravels".* Alvise da Cadamosta, 'n Venesiaan wat ondervinding gehad het van talle vaarte met karvele, het die lof van die karveel so besing: *"I see no reason why these ships should not go anywhere in the world. For I believe that they are the best sailers that ever travelled upon the open sea."*

Die roem wat die karveel as ontdekkingsvaartuig by uitnemendheid geniet het, het slegs vyftig jaar geduur. Dit was vanaf ongeveer 1440, toe Prins Hendrik volgens kroniekskrywers die karveel vir sy ontdekkingstogte begin gebruik het, tot en met Dias se vaart in 1487-1488 wat die seeweg na In-

diē rondom die suidpunt van Afrika oopgestel het. Hierna was die karveel as't ware uitgedien, te klein en te lig om as handelsvaartuig vir die toekomstige Portugese handel met die Ooste te dien. *"To exploit the New World it was the size of the cargo bay, and what one puts into it, that was going to matter now. The name of the game was commerce."*

Nadat die span navorsers van APORVELA, wat onder andere uit seevaarthistorici en seevaartargitekte bestaan het, hulle navorsing oor die vyftiende-eeuse karveel afgehandel het en planne van hoe die destydse vaartuig moontlik kon gelyk het, voltooi het, is die kontrak vir die bou van die replika op 16 Julie 1986 onderteken. Die kontrak is aan Samuel & Filhos-skeepswerf in Vila do Conde, ongeveer 400 kilometer noord van Lissabon, toegewys. Bo en behalwe die feit dat hierdie maatskappy die laagste tender vir die bou van die replika ingedien het, is daar op hierdie skeepswerf besluit omdat die gehalte hout wat hulle verskaf en die gehalte vakmanskap waaroor hulle beskik, nie elders geëwenaar kan word nie.

Die bouers het sover as wat dit moontlik was van die tradisionele skeepsboumetodes, -gereedskap en -materiale gebruik gemaak. Die hout wat vir die replika gebruik is, kom uit dieselfde bos as die hout waarvan Dias se karveel destyds gebou is.

Die romp van die skip is uit eikehout en dennehout gebou. Dit is 23,5 meter lank en het 'n maksimum-wydte van 6,6 meter—min of meer so groot soos 'n hedendaagse sleepboot. Die karveel het 'n dieptegang van 2,35 meter met 'n waterverplasing van ongeveer 130 ton, wat 37 ton ballas bestaande uit lood en beton in sy ruim insluit. Verder is die vaartuig met twee maste en twee driehoekseile, waarvan die grootste 'n oppervlakte van 142 vierkantemeter het, toegerus.

Hoewel die replika grootliks outentiek is, was dit om veiligheids- en ander redes nodig om aanpassings te maak. Bokant die waterlyn stem die ontwerp bykans presies ooreen met die resultate van die navorsing, maar onder die waterlyn is enkele aanpassings ter wille van groter vaartbelyndheid en die minimum veilighedsvereistes gemaak. Die boot is ook met moderne navigasietoerusting toegerus en 'n klein verkoelingskompartement is ingebou om te verseker dat die kosvoorraad vars bly.

Daar kon nie bo alle twyfel vasgestel word wat die naam van Dias se karveel was nie. Gevolglik is daar besluit om die replika die *Bartolomeu Dias* te noem en so hulde aan hom te bring vir sy groot bydrae tot die wêreldgeskiedenis.

Die *Bartolomeu Dias* is op 17 Junie 1987 in Vila do Conde deur mev. Maria Soares, eggenote van die President van Portugal, dr. Mario Soares, te water gelaat. Na die vereiste toetsvaarte onderneem is en die bemanning van sewentien lede (sewe van Suid-Afrika en tien van Portugal) deeglike opleiding ontvang het, het die karveel op 8 November 1987 uit Lissabon na Suid-Afrika vertrek. Tydens die vaart, wat 78 dae geduur het, is daar onder andere by Madeira en die Kaap-Verdiese Eilande aangedoen. Op 3 Februarie vanjaar het die karveel by Mosselbaai anker gegooi sodat kaptein De Sousa en sy bemanning voet aan wal kon sit soos wat Dias en sy bemanning dit presies 500 jaar gelede gedoen het. Mnr. P.W. Botha, die Staatspresident van Suid-Afrika, en duisende feesgangers was daar om die karveel, die eregas tydens die hooffees, te verwelkom en om die gebeure rondom 'n seilskippie en sy bemaning, wat vyf eeue gelede geskiedenis gemaak het, in herinnering te roep.

Na al die ander feesvierings waarby die karveel vanjaar betrokke sal wees, sal dit uiteindelik deur die Suid-Afrikaanse Portugese gemeenskap aan die Suid-Afrikaanse volk geskenk word en sal dit daarna as 'n gemeenskaplike volksbesit bewaar word.

Die karveel sal uiteindelik in Mosselbaai, in die Dias-Museum wat deel is van die Posboom-museimkompleks, gehuisves word. 'n Enorme dok is reeds in die museum ingeruim waar die *Bartolomeu Dias* die middelpunt van 'n uitstalling oor die vroeë Portugese ontdekkingsreise sal wees.

'n Mens wonder onwillekeurig wat van die karveel geword het waarmee Dias in 1488 om die suidpunt van Afrika gevaar het. Sommige historici beweer dat dit waarskynlik deel was van 'n vloot wat uit 13 skepe bestaan het en wat in 1500 onder die bevel van Pedro Alvares Cabral op ekspedisie na Indië gevaar het. Dias was 'n bevelvoerder van een van die skepe. Op 24 Mei 1500 het vier van die skepe, waaronder Dias se skip gestel het, tydens 'n storm aan die Kaapse kus verdwyn en daar word aanvaar dat Dias in hierdie storm omgekom het.

Soos wat die replika van die Dias-karveel, die *Bartolomeu Dias*, die spil is waarom vanjaar se feesvieringe draai, so was die karveel van die vyftiende eeu die stukrag van die ontdekkingsreise van daardie tyd. Dit het die ontdekkingsreisigers in staat gestel om nuwe wêrelde te ontdek en weë oor die groot oseane na die uithoeke van die aarde te baan. Grahame Wilson beskryf die kwaliteite en betekenis van die vyftiende-eeuse karveel skitterend met die volgende woorde: *"The caravel made it possible for renaissance man to spread the wings of his his imagination and exted his vision far beyond the horizon and beyond the barriers of fear, of seamonster, and where the boiling sea destroyed all who were not already scorched black by the heat of the noonday sun. The caravel was to the 15th century what Apollo/Saturn is to the 20th century—one gaint leap for mankind."*

**BRONNE**


Robertson, J. 28 July 1987. "set to sail the Dias route." *The Argus.* p. 14.

Roux, M. 10 Junie 1987. "Dias se skippie seil weer!" *Die Huisgenoot.* pp. 52-53

Visser, A.M. September 1987. "Dias—skip maak gereed vir gedenkvaart." *Opvoeding en Kultuur.* Vol 10, no.3, pp. 4-5 en 7.

Wilson, G. 13 June 1987. "The Caravel—wondership of the 15th century." *Supplement tot the Weekend Argus.* p. 24.

Soeiro de Brito, J. "The Caravel Bartolomeu Dias." *Bartolomeu Dias 1488-1988—festival publication of the national board for celebration of the Portuguese discoveries* (Portugal). pp. 38-39.

Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie. Januarie 1988. *Lantern*, Vol.37, no. 1, pp. 80-83.

Vorderingsverslag en naslaangids ten opsigte van die werksaamhede wat deur die Nasionale Feeskomitee Dias 1988 onderneem word. Mei 1987. pp. 10-15.


★ Daar is al na die karvele as die "ruimtevaartuie" of "pendeltuie" van hulle tyd verwys.

## KOMPETISIEWENNERS DIAS—FEES 1988

Die **Nasionale Feeskomitee Dias 1988** het 'n aantal landswye kompetisies uitgeskryf waaraan leerlinge van skole in al vier die provinsies deelgeneem het. Die wenner van die feesliedkompetisie was David Gibbon, hoofseun van die Rondebosch Boys High School in Kaapstad. Hy het die feeslied geskryf en getoonset; 3-stemmig met klavierbegeleiding en 4-stemmig sonder begeleiding.* Hierdie lied is tydens die hooffeesvieringe in Mosselbaai, vanaf 29 Januarie tot 6 Februarie vanjaar, by verskeie geleenthede deur die wenkoor en die gaskoor gesing. Hierdie twee kore het onderskeidelik die eerste en tweede plekke behaal in die landswye koorkompetisie. Die wenkoor of feeskoor is 'n kamerkoor van die Hoërskool

Blaai om

Stellenbosch en die gas-feeskoor is die skoolkoor van die Hoërskool Kempton Park. Die feeslied is op treffende wyse deur 'n massakoor tydens die jeugprogram op 2 Februarie gesing. Hierdie koor het uit 'n 1 000 leerlinge bestaan, wat verskeie skole in die Suid-Kaap verteenwoordig het.

GISTER EN VANDAG publiseer hiernaas die woorde en melodie van die feeslied omdat die redaksie graag hierdie besondere bydrae van een van die talentvolle leerlinge in ons land met al die skole en instansies, wat intekenare van ons blad is, wil deel. Die feeslied is oorspronklik in Engels geskryf en is deur die bekende skryfster, Alba Bouwer, in Afrikaans vertaal.

(* Hierdie verwerkings kan aangevra word van: Mev J.C. Kloppers, Buro vir Kurrikulering en Evaluering, T.O.D., Privaatsak X76, Pretoria, 0001.)

## HULDE AAN BARTOLOMEU DIAS

Bartolomeu Dias, ons begroet jou!
Ons waai ons vlag!
O soveel gee jy
Vir hierdie land
Ons land, Suid-Afrika!

Vyf eeue geleë
Met drie skippies ter see
Vaar Dias in 'n wêreld vreemd en groot
Vreesloos elke man
'n Dapper span
Wat bid! Noordweswind, voer ons mee!

Onseker is hul lot
En in die hand van God
Dapper manne tart die dood
Siekte en nood
Woeste storms, skuimend see
Dobberend klein vloot
Kos is op en water min
Alleen op die vreemde see

Dias boot so klein
Volg die kus se lyn
Vaar suid, steeds suid
Vir dertien dae
Siek, seer en verbrand
Soek hul nou die land
Stap hul aan wal by Mosselbaai

Cabo Tormentoso
Kaap van Stormwind
Waar jy oral langs die kus
Fynbosveld sal vind
Golwe breek op goue sand
Seevoëls soek die land
Ongerep, 'n paradys
Mosselbaai se strand

Bartolomeu Dias, ons begroet jou!
Ons waai ons vlag!
O soveel gee jy
Vir hierdie land
Ons land, Suid-Afrika!
O soveel gee jy
Vir hierdie land
Ons land Suid-Afrika!

## A TRIBUTE TO BARTOLOMEU DIAS

Bartolomeu Dias, we salute you!
We wave our flag!
Oh so much you gave for this our land
Our land South Africa!

In three tiny ships
Five hundred years ago
Dias set sail into a world he did not know
Fearless were his crew
And patient, too
As they waited for the north-west wind to blow

Uncertain destiny —
Their fate was in the tide
Courageous men who sailed the sea
Risking their lives!
Braving gales and raging storms
They suffered from disease
Food was short, and water too
Alone on the unknown seas

Following the coast
Dias' caravel
Sailed to the south for thirteen days
They were scared and sore
So they made for the shore
Arriving at last in Mossel Bay

Cabo Tormentoso
Cape of Stormy Seas
Fynbos on the coast grows high —
Dancing in the breeze
Golden sand and restless waves
Seagulls in the air
Undisturbed, a paradise
'Twas Mossel Bay so fair!

Bartolomeu Dias, we salute you!
We wave our flag!
Oh so much you gave for this our land
Our land South Africa!
Oh so much you gave for this our land
Our land South Africa!


HULDE AAN BARTOLOMEU DIAS
2.
MM ♩= 80
Bart-'lo-meu Dias ons be-groet jou! Ons waai-ons-vlag-! O so-
veel-gee-jy- vir hier-die land, ons land Suid-Af-ri-ka! O so-
veel-gee-jy- vir hier-die land, ons land Suid-Af-ri-ka!
MM = 132-138
Styf eeu-e-ge-leë- met die skip-pies ter see
Vaar Di-as in 'n wê-reld vreemd en groot- Vrees-bos el-ke
man 'n dap-per-span- wat bid! Noord-wes wind voer ons mee-
On-se-ker is hul lot- En in die hand van
God- Dap-per man-ne in hul nood- tart hul die dood
Espressivo
Kos is op-en
Di-as bart so
lyn vaar suid-steeds-suid vir der-tien
dae seer en ver-brand soek hul nou die
land- Stap-hul aan wal by Mos-sel-baai
Ca-bo Tor-men-to-so Kaap van storm-wind- Waar jy or-al langs-
die kus- Fyn-bos veld sal vind Gol-we breek op gou-e sand-
See-voëls roep die land- On-ge-rep-, 'n pa-ra-dys- Mos-sel-baai se
strand! Bart-'lo-meu Dias ons be-groet jou! Ons waai ons-
vlag! O so-veel-gee-jy- vir hier-die land, ons land Suid-Af-ri-
ka! O so-veel-gee-jy- vir hier-die land, ons land Suid-Af-ri-
ka!
Woorde en Musiek: David Gibbon